
# LANDBOUWEEKBLAD
18 Feb 2011
Page : 30 #





# Kyk na trusts se voor- én nadele

Vir boere kan trusts 'n goeie instrument in boedelbeplanning wees, maar pasop vir die nadele.

Ek kry baie navrae van boere oor trusts en ek wil 'n opsommende artikel bied oor die voor- en nadele van trusts. Uiteraard kan dit nie alles oor trusts saamvat nie, maar dit behoort darem vir 'n mens 'n aanduiding te kan gee of 'n trust vir jou geskik is of nie.

Dit is reg, 'n trust is nie die antwoord op alles nie. Daar is voordele én nadele daaraan verbonde.

Wat is 'n trust? Of liewer, wat is dit nie? 'n Trust (anders as 'n testamentêre trust) is volgens die gemenereg nie 'n afsonderlike regsentiteit soos byvoorbeeld 'n beslote korporasie of 'n maatskappy nie. Enige veronderstelling dat 'n trust wel 'n mate van regsgeldigheid as 'n aparte entiteit het, moet ingelees word in die Wet op die Beheer oor Trustgoed (Wet 57 van 1988), wat onder meer bepaal dat trustbates nie aan die trustee behoort nie.

Verder bepaal die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) spesifiek dat 'n trust wél 'n persoon is vir die doeleindes van belasting, hoewel afsonderlike belastingskale geld. En in die Maatskappyewet van 2008 (wat eersdaags wet word) word trusts beskryf as 'n juridiese persoon. Dit alles dui op pogings deur die wetgewer om op die een of ander wyse regtens "vatplek" aan trusts te kry omdat dit so 'n vae struktuur is – 'n struktuur wat sigself ooplaat vir misbruik en misverstand, tot nadeel van die boer.

Uitgesluit die pogings van die wetgewer om van trusts iets te maak wat dit histories nie is nie, behels die wese van 'n trust niks anders nie as 'n kontrak tussen twee persone – die trustoprigter en die trustee. Die trustoprigter maak sekere bates oor aan die trustee, wat dit dan moet bestuur tot voordeel van 'n derde persoon, die begunstigde.

Dit is hierdie oormaak van bates wat trusts so 'n gewilde instrument maak in boedelbeplanning omdat dit bates "vries" en só belasting bespaar.

Dit skep ook 'n geleentheid vir bates om van geslag tot geslag te hou en vir opvolgende naasbestaandes die genot daarvan te verseker sonder dat bates by afsterwe elke keer oorgedra hoef te word (met die betrokke belastingimplikasies). Dit voorkom ook dat die bates aan die risiko's van die begunstigdes (byvoorbeeld skuldverpligtinge) blootgestel is.

Ongelukkig gaan baie van hierdie voordele verlore weens die onoordeelkundige aanwending van trusts. Ek het al hieroor geskryf en sal in die toekoms seker weer daaroor skryf. Vandag fokus ek eerder op die samevatting van voor- en nadele vir boere wat dit dalk nou oorweeg om 'n trust op te rig.

Eers die voordele. Die eerste is die genoemde "vries" van bates. Jy skenk of, verkieslik, verkoop bates wat jy meen aansienlik gaan toeneem in waarde oor jou leeftyd aan 'n inter vivos-trust (wat opgerig word terwyl jy nog leef). Jy en jou vrou kan saam met die kinders begunstigdes wees en só die genot van die bate tot jul voordeel aanwend, terwyl die bate uitgesluit sal wees van boedelbelasting. Let egter daarop dat die voordeel slegs van toepassing is op diskresionêre trusts en nie vestigende trusts, byvoorbeeld besigheidstrusts, nie.

'n Diskresionêre trust bied ook beskerming teen skuldeisers. Let egter daarop dat die gewone reëls ten opsigte van insolvensie sal geld. Solank die bates egter aan die trust verkoop is terwyl jy nog solvent was en dit nie gedoen is om onregmatige voordeel te bekom nie, is dit veilig teen insolvensie. Onthou: Jou agterstallige leningsrekenings gaan vir skuldeisers deur die trust toegang tot trustbates bied.

'n Trust kan ook gebruik word om begunstigdes teen hul eie gierigheid te beskerm en om die trustbate vir die genot van meer as een begunstigde te verseker, soos met een strandhuis en baie kinders.

Jy kan dit oorweeg om eerder 'n trust as 'n vruggebruik te gebruik (my persoonlike voorkeur) omdat die vruggebruik 'n bate in die hande van die vruggebruiker is, maar die trustbates nie.

Inkomsteverdeling onder meer as een begunstigde is ook moontlik, waardeur die effektiewe belastingkoers verminder kan word. As dít 'n oorweging is, stel ek voor jy kry kundige advies, want hier skuil groot drake. Dit tersy, is daar voordele, want hoewel 'n trust in die Inkomstebelastingwet as 'n "persoon" beskou word, dien dit ook as 'n deurvloeipyp waardeur inkomste en kapitaalwinste na die begunstigdes kan deurvloei, welke inkomste dan in die hande van die begunstigde belas word en nie in die hande van die trust as 'n "persoon" nie.

Van die nadele, anders as die slaggate waarna ek hierbo verwys, is die koste – nie soseer die koste vir die oprigting van 'n trust nie, maar die koste om bates in die eerste plek in die trust te kry. As vaste eiendom oorgedra word na 'n trust toe, is hereregte betaalbaar teen 8% op die volle waarde van die bate.

Trusts betaal ook teen 'n hoër koers inkomstebelasting en kapitaalwinsbelasting in gevalle waar dit nie aan begunstigdes uitkeer in terme van die deurvloeibeginsel nie. En waar dit wél deurvloei na die begunstigdes en in hul hande belas word, verkry hulle 'n gevestigde reg op daardie inkomste, wat weer die voordeel van 'n diskresionêre trust verydel. Jy kan tog nie jou brood aan albei kante gebotter wil hê nie, of hoe?

Verder is die wetlike verpligtinge van trustees nogal gewigtig. Moet dit nie ligtelik opneem nie. LB

**Nico van Gijsen** *is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie.* *Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*